

Maart  
2012Posbus 20  
Hermanus 7200

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445
24 Uur Beheerkamer Brandweer	028 313 8000/8111 028 312 2400	

# Bulletin

Amptelike nuusbrieff van Munisipaliteit Overstrand

## ELEKTRISITEITSLASPROJEK VAN STAPEL GESTUUR



Huiseienaars in Hermanus, Kleinmond, Gansbaai, Stanford en Hawston word versoek om hande te vat met Munisipaliteit Overstrand en Eskom in 'n poging om die vraag na elektrisiteit te verlaag deur deel te neem aan 'n program wat ten doel het om toestelbeheereenhede aan die warmwaterstelsels in hulle huise te koppel. Die installasie van die beheereenhede sal gratis geskied.

Hierdie residensiële ladingbestuurprojek (RLB) maak deel uit van Overstrand se inisiatief om vraag na elektrisiteit in die streek te bestuur. Dit behels die koppeling van beheereenhede aan warmwatersilinders wat dit moontlik maak om hulle via afstandsbeheer aan en af te skakel. Dit sal Munisipaliteit Overstrand in staat stel om die vraag na elektrisiteit te beheer, veral gedurende spitsstye.

Warmwaterstelsels is verantwoordelik vir tussen 30% en 50% van die elektrisiteitsverbruik in 'n huishouding wat van hulle 'n ideale vertrekpunt maak om die vraag na elektrisiteit in die residensiële sektor te beheer. Die vernaamste voordeel van die ladingbestuurstelsel is dat die relêstelsel die verhitingsselement kan afskakel gedurende tye wanneer die elektrisiteitslading verlaag moet word. Dit is egter belangrik om daarop te let dat die toevoer onderbreek kan word sonder om die voorsiening van warm water aan 'n huishouding te ontwig danksy die warmwaterstelsel se vermoë om hitte te behou.

Die RLB-projek in Overstrand werk as volg:

- 'n Klein toestelbeheereenheid (of relê) word in die klant se huis geïnstalleer.
- Hierdie eenheid skakel dan saans tussen 18:00 en 20:00, wanneer die vraag 'n spits bereik, die kragtoevoer na die warmwaterstelsel af.

Gekwalifiseerde tegnisië met identiteitskaarte uitgereik deur Munisipaliteit Overstrand, Eskom en Powertech IST Otokon sal tussen Maart en Desember 2012 huise in areas met 'n hoë verbruik besoek om die eenhede te installeer. Huiseienaars word versoek om slegs kontrakteurs met die nodige identiteitskaarte toegang tot hul huise te vergun.

Indien u meer inligting verlang, skakel gerus die RLB-projekkantoor by 083 228 0268. Dié projek is nodig om die munisipaliteit aan nuwe wetgewing te laat voldoen, maar sal nie belastingbetalers enigiets kos nie omdat dit deur die Nasionale Elektrisiteitsreguleerder via Eskom gefinansier word.

## NUWE WAARDASIEROL OOP VIR INSPEKSIE

Munisipaliteit Overstrand se nuwe algemene waardasierol vir die boekjare 2012/13 – 2015/16 is tans beskikbaar vir openbare inspeksie; die inspeksie-tydperk duur vanaf 9 Februarie 2012 tot 4 April 2012. Gedurende hierdie tydperk kan enige persoon wat beswaar wil aanteken teen enige aangeleentheid wat in die rol weerspieël word of daaruit weggelaat is dit doen deur die voorgeskrewe beswaarvorm in te vul. Hierdie vorm is beskikbaar op die munisipale webwerf ([www.overstrand.gov.za](http://www.overstrand.gov.za)) en by die munisipale kantore.

Sommige belangrike aspekte waarop gelet moet word:

- Die hersiene waardasie sowel as die hersiene eiendomsbelasting vir die nuwe boekjaar sal op 1 Julie 2012 in werking tree en sal vanaf Julie 2012 en daarna op munisipale rekeninge weerspieël word.
- Beswaarmakers moet by die tydsraamwerke ten opsigte van die inspeksie van die waardasierol hou en, indien nodig, vir die aantekene van besware. Om kommer na die verstryking van die beswaartydperk te lug, sal geen sinvolle resultate tot gevolg hê nie.
- 'n Beswaar moet verband hou met 'n spesifieke individuele eiendom en nie met waardasierol as sodanig nie.
- Let asseblief daarop dat die markwaarde van die eiendomme wat in die voormelde waardasierol weerspieël word die bedrag is wat die eiendom sou realiseer indien dit op 2 Julie 2011 op die ope mark deur 'n gewillige

verkoper aan 'n gewillige koper verkoop is.

- Die sukses van 'n beswaar hang af van die meriete van vergelykings wat gemaak word tussen eiendomme verkoop op 2 Julie 2011 en die eiendom ten opsigte waarvan die beswaar aangeteken word. Vergelykings tussen u eiendom en naburige eiendomme is nie noodwendig 'n bewys dat u eiendom se waarde onjuis is nie.
- Voorts moet daar beklemtoon word dat dit kragtens artikel 45 (1) van die Wet nie verpligtend is om die eiendom te inspekteer wat waardeer moet word nie. Eienaars sien dikwels hierdie feit oor die hoof.
- Na afloop van die inspeksieperiode sal alle besware wat ontvang is na die Munisipale Waardeerder verwys word wie dan onverwyld 'n besluit moet neem en die beswaarmakers oor die uitslag van sy/haar besluit moet inlig.
- Beswaarmakers wat nie tevrede is met die resultaat van hulle besware nie, kan hierna 'n appèl by die Waardasie-appèlraad aanhangig maak.
- Dit is belangrik om daarop te let dat die Wet van die beswaarmaker verwag om steeds eiendomsbelasting te bly betaal onderwyl sy/haar besware verwerk en gefinaliseer word.

Rig asseblief enige navrae rakende waardasies aan Carien de Beer by 028 313 8133 of per e-pos: [cdebeer@overstrand.gov.za](mailto:cdebeer@overstrand.gov.za).

# TALRYKE NAVRAE OOR BOORGATE EN PUTTE

Munisipaliteit Overstrand word oorval met navrae rakende prosedures om boorgate en putte te sink.

Eienaars van eiendomme word aangeraai om die munisipaliteit se Kliëntedienssentrum in kennis te stel voordat 'n boorgat of put gesink word en om dit te registreer. Registrasiekoste beloop R40. By betaling sal die munisipaliteit 'n boorgatkenningsgewing uitreik wat teen die grensheining/muur aangebring moet word.

Wetgewing in hierdie verband bepaal dat die munisipaliteit van die eienaar van enige perseel binne die munisipaliteit se regsgebied waarop 'n boorgat bestaan, of, as die eienaar nie op sodanige perseel woonagtig is nie, die bewoner daarvan, vermag om die munisipaliteit op die voorgeskrewe vorm in te lig van die bestaan van 'n boorgat op sodanige perseel en ook om spesifieke inligting ten opsigte daarvan te verstrek. Die inligting wat as deel van hierdie kennisgewing verlang word, moet die akwifer meld waarin die boorgat gesink is asook die finale diepte van die boorwerk en moet verkieslik van die booroperateur se aantekeninge of opmerkings vergesel word.

Voorts bepaal die munisipaliteit se waterverordening dat indien water uit boorgate verkry word wat in die diep Skiereiland- of Skurweberg-akwifer gesink

is, die munisipaliteit voorsien moet word van 'n beraiming van verwagte watergebruik en bevredigende bewyse wat daarop dui dat die watergebruik gemeet sal word. Enige persoon aan wie toestemming verleen word vir ontrekking uit sodanige boorgat sal die munisipaliteit op 'n maandelikse basis voorsien van 'n lesing wat van die meettoestel verkry is waarin die tyd en datum van die lesing sowel as die lesing van die vloei-eenhede vermeld word.

Die munisipaliteit kan ook van die eienaar of bewoner van enige perseel wie van voorneme is om 'n boorgat te sink, verwag om 'n omgewingsimpak-evaluering vir sodanige voorgename boorgat te onderneem alvorens die boorgat gesink word. Boorgate is ook onderworpe aan enige tersaaklike bepalinge wat in die Nasionale Waterwet, 1998 (Wet 36 van 1998) vervat is.

In 'n onlangse uitgawe van 'n koerant het 'n inwoner aan die hand gedoen dat eienaars met behulp van 'n put nie alleen hulle tuine kan natle nie maar ook die water vir huishoudelike doeleindes kan gebruik. Artikel 51(7) van die munisipaliteit se waterverordening vereis dat sodanige water ten alle tye aan die SANS 0241-standaarde vir die gehalte van drinkwater moet voldoen. 'n Watertoevoer van-

uit 'n boorgat of put mag onder geen omstandighede verbind word met 'n waterinstallasie wat ook aan die munisipale watertoevoer gekoppel is nie.

Die munisipaliteit moedig die gebruik aan om reënwater vir besproeiingsdoeleindes te oes. Reënwaterenke word nie as vaste strukture beskou nie en kan dus boulyne oorskry. Dit is egter raadsaam om vooraf oorleg te pleeg met bure wat deur die oprigting van reënwaterenke geraak gaan word.



## BOEKE KAN ONS SKOLE HELP

'n Welwillendheidsbesoek aan Overstrand se skole met die afskop van die nuwe skooljaar het Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie weer eens onder die indruk gebring van die groot rol wat deur skoolbiblioteke in onderwys vervul word.

Kennis word nie net tydens klasperiodes oorgedra nie. Leerders moet ook aangemoedig word om op hul eie te werk en hulle leefwêreld te verbreed met boeke en ander hulpmiddels wat in biblioteke beskikbaar is. Dit is nie vir

almal moontlik om by openbare bibliotekes uit te kom nie, en juis daarom moet die skoolbibliotekestelsel versterk word.

Sy wil inwoners aanmoedig om geskikte boeke wat in 'n goeie toestand is en nie meer deur hulle gebruik word nie aan hul naaste skool te skenk – veral in die gebiede waar inwoners dit nie té breed het nie.

**Kontak gerus haar kantoor by 028 313 8058 as u meer inligting in hierdie verband verlang.**

## LEWE VOLGENS DIE MORELE WAARDE VAN VERANTWOORDELIKHEID

Daar is verskeie koördinate op die kompas wat rigting moet verleen aan ons "reis" op pad na 'n sterk persoonlike en gemeenskaplik karakter van moraliteit en etiek. Verantwoordelikheid as morele en etiese standaard is een van die ses koördinate wat deur die MSI aangedui word. Die ander is geregtigheid, omgee, betroubaarheid, respek en goeie burgerskap.

Mense wie se morele kompas ingestel is op die uitleef van 'n sterk sin van verantwoordelikheid sal waarskynlik soos volg beskryf kan word:

- Hulle is bereid om die verantwoordelikheid op hulle te neem. Hulle huiwer nie om betrokke te raak wanneer nodig nie. Hulle stel 'n positiewe voorbeeld vir ander.
- Hulle kies om positief te dink en op te tree. Hulle sit nie op die kantlyn en kritiseer en kla nie. Hulle teer nie op die werk en suksesse van ander nie.

- Hulle neem verantwoordelikheid vir hul lewens. Daarom stel hulle doelwitte vir hulself. Hulle stel planne op en tree gedissiplineerd op om die doelwitte te bereik.
- Hulle is pligsgetrou. Hulle doen wat hulle onderneem het om te doen.
- Verantwoordelike mense ken hulle eie beperkinge. Hulle neem nie meer op hul skouers as wat hulle suksesvol kan hanteer nie.
- Hulle is bereid om verantwoordelijkheid te doen van hul optrede. Hulle skuil nie agter verskonings en ander mense as dinge nie reg verloop nie. Hulle aanvaar eienaarskap en tree op om reg te stel wat verkeerd geloop het.

Dink u daar is 'n gees van medeverantwoordelikheid en positiewe betrokkenheid in ons gemeenskap?

**Kontak die MSI by ernstes@vodamail.co.za of selnommer 082 412 4538.**

## MOENIE KANSA SE AFLOS MISLOOP NIE!

KANSA se *Relay For Life* word met rede as een van Hermanus se vernaamste jaarlikse geleenthede beskou. Ja, dié geleentheid sny na aan ons harte, maar tegelyk samel ons ook fondse in om verdere navorsing te doen oor en behandeling aan te bied vir een van die mees gevreesde siektes van ons tyd.

Vanjaar word die geleentheid op die aand van 17 en 18 Maart aangebied by Hermanus Hoërskool. 'n Laatskrywing vir 'n span van 10 sal R1 000 kos aangesien inskrywings reeds in Februarie gesluit het.

Soos gebruiklik gaan heelwat kunstenaars die spanne deur die loop van die nag aanmoedig. Onder hulle tel Dillon Lerm, Marius de Bruyn, Amoré Rudman, Luan Groenewald, Jeandré

van der Walt, Roxy's Music Academy, Mika van der Merwe en die kulkunstenaar, Christiaan Horn. Ander aktiwiteite, vermaak, kosstalletjies en speletjies sal ook deur die loop van die nag aangebied word.

Die *Relay For Life* begin om 16:00 wanneer Overstrand se burgemeester, Nicolette Botha-Guthrie, die geleentheid sal open. Om verdere inligting te bekom, tree asseblief in verbinding met KANSA se kantoor by 028 316 1486 of skakel Elnette du Toit direk by 083 218 5980.



## INTERNASIONALE PIANISTE OP OUDITORIUM-VERHOOG

Overstrand Arts/Kunste bied liefhebbers van klavieruitvoerings optredes deur twee briljante jong pianiste.

Op Sondagmiddag, 25 Maart om 15:30, gaan Alexander Lubyantsev, die 25-jarige Rus wat met die louere vir klavierkompetisies in Rusland, die VSA en Australië weggestap het, werke van Haydn, Rachmaninoff, Chopin, Liszt, Beethoven en Ravel uitvoer.

Op Paassaterdag, 7 April om 19:00, gaan Palliva Mahidhara ('n boorling van Indië wat tans in die VSA woonagtig is) werke van Beethoven, Debussy, Scriabin en Prokofiev uitvoer. Die jonge me Mahidhara het reeds op ouderdom 14 saam met die Nasionale Simfonie-orke in Washington DC opgetree en word groot lof toegeswaai vir haar prestasies op die terrein van musiek.

Kaartjies kos R100 en R50 vir studente. Bespreek vroegtydig by BELLINI by 028 312 4988. Navrae van 'n ander aard kan gerig word aan René du Plooy by 082 940 4238.

